

13 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 15:1-16:11 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 15:1; 16:5,6**

My erfenis is vir my mooi!

“Wie mag vertoef in die Here se tent en woon op die Here se heilige berg?” Die uitdrukkings “tent” en “heilige berg” is albei beskrywings van God se teenwoordigheid. Die Hebreeuse woord “vertoef” beteken “om as ‘n gas of vreemdeling by iemand te verkeer”. ‘n Gas is iemand wat geen regte het nie en kan slegs dit doen wat die gasheer hom toelaat om te doen. Die vraag wat dus hier gevra word, is: Wie mag as gas in die teenwoordigheid van die Here verkeer? ‘n Mens verkeer in die Here se teenwoordigheid wanneer mens byvoorbeeld bid, psalmsing, Bybel lees, in die erediens is, aan die nagmaalstafel sit of jou kind laat doop.

Psalm 15 antwoord op die vraag soos volg: Slegs daardie persone wat ‘n ware hartsgesindheid het om reg te doen en wat met sy hele hart die waarheid praat, mag in die teenwoordigheid van die Here kom. Dit is hy wat sy naaste geen skade met woord of daad berokken nie. Daardie mens wat “nie kwaad praat nie, sy medemens nie kwaad aandoen nie en niemand beledig nie” (Psalm 15:3, NAV). Die gas van die Here is ‘n mens wat sy woord hou, al is dit tot sy eie skade.

Kan ons al hierdie vereistes nakom? Nee, niemand kan nie! Selfs die beste daede wat ek doen, is met sonde bevlek (Rom 3:9-20). As God na die mens kyk, is daar niemand wat kwalifiseer nie. Maar, as God deur ons Here Jesus Christus na die mens kyk, sien Hy wel mense raak wat in sy teenwoordigheid mag vertoef. In Christus mag ek wél by God woon!

Dit is my erfenis wat so mooi is (Psalm 16)!

‘n Erfenis is iets wat ek onverdiend uit genade ontvang het. Die Here het uit genade deur sy Gees en Woord gesorg dat ek glo dat Hy my sondes ter wille van Jesus Christus alles volkome vergewe het. “Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval!”

Sing: Psalm 16:2,3,5

Ds AH Stavast (Mosselbaai)